Daar is na bemarking verslae ontvang van vloeistofretensie wat binne weke ná die aanvang van VOLIBRIS voorgekom het en, in sommige gevalle, was intervensie met 'n diuretikum of hospitalisasie vir vloeistofbestuur of gedekompenseerde hartversaking nodig. As pasiënte bestaande vloeistofoorlading het, moet dit voor die begin van behandeling met VOLIBRIS soos klinies toepaslik bestuur word.
Indien klinies beduidende vloeistofretensie, met of sonder gepaardgaande gewigstoename, tydens behandeling met VOLIBRIS ontwikkel, moet verdere evaluering gedoen word om die oorsaak, soos VOLIBRIS of onderliggende hartversaking, en die moontlike behoefte aan spesifieke behandeling of staking van behandeling met VOLIBRIS te bepaal.

Pulmonêre veno-okklusiewe siekte:

As pasiënte akute pulmonêre edeem tydens aanvang van behandeling met vasodilatore soos VOLIBRIS ontwikkel, moet die moontlikheid van pulmonêre veneuse-okklusie oorweeg word.

Vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik: Daar was geen studies om die effek van VOLIBRIS te ondersoek op die vermoë om motor te bestuur of om masjinerie te hanteer nie. Uit die bekende veiligheidsprofiel word geen nadelige effek op sulke aktiwiteite verwag nie.

Bevat laktose: Pasiënte met die skaars oorerflike probleem van onverdraagbaarheid van galaktose bv. galaktosemie, die Lapp-laktasetekort of wanabsorpsie van glukose/galaktose of onverdraagbaarheid van fruktose, moet nie hierdie medisyne gebruik nie (kyk SAMESTELLING). Laktose mag ’n effek hê op die kontrole van glisemie in pasiënte met diabetes mellitus.

INTERAKSIES:

Ambrisentaan word hoofsaaklik deur glukuronidering en tot ’n mindere mate deur oksidatiewe metabolisme gemetaboliseer, hoofsaaklik deur CYP3A en tot ’n mindere mate deur CYP2C19. Teen klinies relevante konsentrasies het ambrisentaan in nie-kliniese studies nie fase I of II-geneesmiddelmetaboliserende ensieme gerem of geïnduseer nie, wat dui op ’n lae potensiaal vir ambrisentaan om die profiel te verander van medisyne wat deur hierdie roetes gemetaboliseer word.

Die potensiaal vir ambrisentaan om aktiwiteit van CYP3A4 te induseer is in gesonde vrywilligers ondersoek, en die resultate toon geen induserende effek van ambrisentaan op die CYP3A4-isoënsiem nie.

Gelyktydige toediening van VOLIBRIS en siklosporien A (’n remmer van P-glikoproteïen [P-gp] en organiese-anioontransportpolipeptied [OATP]) by gelykvlakke aan gesonde vrywilligers het gelei tot ’n 2-voudige toename in blootstelling aan ambrisentaan, en daarom moet die dosis van VOLIBRIS tot 5 mg een keer per dag beperk word as dit saam met siklosporien A toegedien word (kyk DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS). Geen klinies relevante effek van ambrisentaan op blootstelling aan siklosporien A is waargeneem nie.

Toediening van ketokonasool (’n sterk remmer van CYP3A4) by gelykvlakke het nie tot ’n klinies beduidende toename in blootstelling aan VOLIBRIS gelei nie.

Gelyktydige toediening van rifampien (’n remmer van OATP, ’n sterk induseerder van CYP3A en 2C19 en induseerder van P-gp en uridiendifosfoglukuronosiel-transferases [UGTs]) aan gesonde vrywilligers het na die aanvangsdosisse met ’n verbygaande toename (ongeveer 2-voudig) in blootstelling aan ambrisentaan gepaardgegaan. Teen dag 7 het toediening van rifampien by gelykvlakke egter geen klinies relevante effek op blootstelling aan ambrisentaan gehad nie. Geen aanpassing in die dosis van VOLIBRIS is nodig as dit saam met rifampien gebruik word nie.

In kliniese studies van PAH het gelyktydige toediening van VOLIBRIS en omeprasool (’n remmer van CYP2C19) nie ’n beduidende invloed op die farmakokinetika van ambrisentaan nie.

Gelyktydige toediening van VOLIBRIS saam met ’n fosfodiësteraseremmer, óf sildenafiel óf tadalafiel (albei substrate van CYP3A4), aan gesonde vrywilligers het nie ’n beduidende invloed op die farmakokinetika van die fosfodiësteraseremmer of ambrisentaan nie.

In ’n kliniese studie met gesonde proefpersone het dosering met VOLIBRIS 10 mg by gelykvlakke nie ’n beduidende invloed op die farmakokinetika van enkeldosisse van etinielestradiol en noretindroon as komponente van gekombineerde orale voorbehoedmiddels nie. Op grond van hierdie farmakokinetiese studie word nie verwag dat ambrisentaan blootstelling aan estrogeen- of progestogeen gebaseerde voorbehoedmiddels beduidend sal beïnvloed nie.

In ’n studie met gesonde vrywilligers het ambrisentaan geen effek gehad op die farmakokinetika en antikoagulantaktiwiteit van warfarien by gelykvlakke nie. Warfarien het ook geen klinies betekenisvolle effek op die farmakokinetika van ambrisentaan nie. Verder het VOLIBRIS in kliniese studies met PAH-pasiënte geen algehele effek op die weeklikse dosis van warfarien-tipe antikoagulante, protrombientyd (PT) en internasionale genormaliseerde verhouding (INR) gehad nie.

Toediening van VOLIBRIS by gelykvlakke aan gesonde vrywilligers het geen klinies relevante uitwerking op die farmakokinetika van enkele dosisse van digoksien, ’n substraat vir P-gp, nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:

Swangerskap:

VOLIBRIS is teenaangedui tydens swangerskap (kyk KONTRA-INDIKASIES).

Dierstudies met rotte en konyne het getoon dat ambrisentaan teratogenies is, wat 'n effek van die klas ERA's is.

VOLIBRIS sal heel waarskynlik ernstige geboortedefekte veroorsaak indien swanger vroue dit gebruik, omdat hierdie effek konsekwent gesien is toe dit aan diere gegee is (kyk KONTRA-INDIKASIES). Swangerskap moet dus voor die aanvang van behandeling met VOLIBRIS uitgesluit word en daarna met betroubare metodes van voorbehoeding voorkom word. Swangerskaptoetse word soos klinies aangedui tydens behandeling met VOLIBRIS aanbeveel. Vroue wat swanger kan raak, moet aangeraai word om hulle dokter onmiddellik te skakel as hulle swanger raak.

Laktasie:

Dit is nie bekend of ambrisentaan in borsmelk uitgeskei word nie. VOLIBRIS word nie aanbeveel vir gebruik deur borsvoedende moeders nie (kyk KONTRA-INDIKASIES).

Fertiliteit:

Die ontwikkeling van atrofie van testikelbuise in manlike diere word met chroniese toediening van VOLIBRIS verbind. Die effek op manlike vrugbaarheid by mense is nie bekend nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:

VOLIBRIS is vir orale gebruik en kan met of sonder kos geneem word. Behandeling moet net ingestel word deur 'n mediese praktisyn met ervaring in die behandeling van PAH.

Aanbevole volwasse dosis:

Behandeling met VOLIBRIS moet teen 'n dosis van 5 mg een keer per dag begin.

Oorweeg verhoging van die dosis tot 10 mg een keer per dag as 5 mg verdra word.

Gebruik saam met siklosporien A:

Wanneer dit saam met siklosporien A gebruik word, moet die dosis van VOLIBRIS tot 5 mg een keer per dag beperk word (kyk INTERAKSIES).

Aanbevole pediatriese en adolessentdosis:

Daar is geen inligting beskikbaar oor die gebruik van VOLIBRIS deur pasiënte jonger as 18 jaar nie en dus word die gebruik van VOLIBRIS deur hierdie pasiënte nie aanbeveel nie.

Doseeraanwysings vir spesiale populasies:

Bejaardes:

Geen aanpassing in die dosis is nodig vir pasiënte van 65 jaar en ouer nie (kyk Farmakokinetika in spesiale populasies).

Swak nierfunksie:

Metabolisme en uitskeiding van ambrisentaan deur die niere is minimaal, sodat aanpassing in die dosis vir pasiënte met swak nierfunksie waarskynlik nie nodig is nie.

Swak lewerfunksie:

VOLIBRIS is nie in proefpersone met erge swak lewerfunksie of met klinies betekenisvolle hoë vlakke hepatiese transaminases bestudeer nie. Tog sou verwag word dat swak lewerfunksie blootstelling (C_{maks} en AOK) aan ambrisentaan verhoog, omdat die hoofroete van metabolisme glukuronidering is en tot 'n mindere mate oksidasie, met die daaropvolgende uitskeiding in die gal. Daarom word VOLIBRIS nie vir hierdie pasiëntbevolking aanbeveel nie (kyk WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS en Farmakokinetika in spesiale populasies).

NEWE-EFFEKTE:

Die veiligheid van VOLIBRIS is in kliniese proewe met meer as 480 pasiënte met PAH beoordeel.

Nadelige geneesmiddelreaksies (NGR's/"ADRs") uit die data van kliniese proewe word hier onder volgens sisteem-orgaanklas en frekwensie gegee.

Frekwensies word gedefinieer as algemeen (≤ 1/100, < 1/10) of minder algemeen (≤ 1/1 000, < 1/100). Die kategorieë van frekwensies van nadelige reaksie gebaseer op ervaring in kliniese proewe kan dalk nie die frekwensie van nadelige reaksies in normale kliniese praktyk weerspieël nie.

Versteurings van bloed en limfatiese stelsel:

Algemeen: bloedarmoede (dalings in hemoglobienvlakke en/of hematokrit)

Versteurings van immuunstelsel:

Minder algemeen: hipersensitiwiteit (bv. angio-edeem, uitslag)

Versteurings van senustelsel:

Algemeen: hoofpyn

Versteurings van die hart:

Algemeen: palpitasies

Vaskulêre versteurings:

Algemeen: gloede

Respiratoriese, toragiese en mediastinale versteurings:

Algemeen: toe neus (die voorkoms is dosisverwant), sinusitis, nasofaringitis

Gastro-intestinale versteurings:

Algemeen: buikpyn, hardlywigheid

Algemene versteurings en versteurings by die plek van toediening:

Algemeen: vloeistofretensie, perifere edeem.

Ervaring na bemarking:

Benewens nadelige reaksies wat in kliniese studies geïdentifiseer is, is die volgende nadelige reaksies van VOLIBRIS tydens gebruik na goedkeuring gesien. Omdat hierdie effekte vrywillig uit 'n bevolking van onbekende grootte aangemeld is, kan beramings van die frekwensie nie gemaak word nie.

Versteurings van bloed en limfatiese stelsel: anemie waarvoor bloedoortapping nodig was

Versteurings van die hart: hartversaking (wat met vloeistofretensie verband hou)

Respiratoriese, toragiese en mediastinale versteurings: dispnee

Gevalle van verslegtende dispnee van onduidelik etiologie is kort ná die begin van behandeling met VOLIBRIS aangemeld.

Gastro-intestinale versteurings: naarheid en braking

Hepatobiliêre versteurings:

Algemeen: styging in lewertransaminases

Onbekend: lewerskade, outo-immuun hepatitis (kyk WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS)

Gevalle van outo-immuun hepatitis, waaronder gevalle van verergering van outo-immuun hepatitis en lewerskade van onduidelike etiologie is tydens behandeling met VOLIBRIS aangemeld.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN:

Simptome en tekens: In gesonde vrywilligers het enkele dosisse van 50 en 100 mg (5 tot 10 keer die maksimum aanbevole dosis) met hoofpyn, gloede, duiseligheid, naarheid en toe neus gepaardgegaan.

As gevolg van die werkingsmeganisme kan ’n oordosis VOLIBRIS ook potensieel tot hipotensie lei.

Behandeling: Aktiewe kardiovaskulêre ondersteuning kan in geval van uitgesproke hipotensie nodig wees. Daar is nie ’n spesifieke teenmiddel nie.

IDENTIFIKASIE:

VOLIBRIS 5 mg: Bleekpienk, vierkantige, konvekse filmbedekte tablet met “GS“ op een kant en “K2C“ op die ander kant gedebosseleer.

VOLIBRIS 10 mg: Dieppienk, ovaal, konvekse filmbedekte tablet met “GS“ op een kant en “KE3“ op die ander kant gedebosseleer.

AANBIEDING:

VOLIBRIS-tablette is verpak in stulpstroke van ondeursigtige PVC/PVdC en aluminiumfoelie met 10 tablette elk. Drie stulpstroke is verpak in ’n karton om ’n pak met 30 tablette te gee.

BEWARINGSAANWYSINGS:

Bewaar by of benede 30 °C.

Hou buite bereik van kinders.

REGISTRASIENOMMER:

VOLIBRIS 5 mg: 45/7.1.3/0106

VOLIBRIS 10 mg: 45/7.1.3/0107

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:

GlaxoSmithKline South Africa (Edms) Bpk

Hawkinslaan 39

Epping Industrie 1, 7460

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:

21 April 2016

VOLIBRIS is ’n geregistreerde handelsmerk van Gilead Sciences, Ingelyf, gebruik onder lisensie van die **GSK**-maatskappygroep.

Patient Information Leaflet

SCHEDULING STATUS:

S4

PROPRIETARY NAME, STRENGTH AND PHARMACEUTICAL FORM:

VOLIBRIS® 5 mg film-coated tablets

VOLIBRIS® 10 mg film-coated tablets

Ambrisentan

Read all of this leaflet carefully before you start taking VOLIBRIS.

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have any further questions, please ask your doctor or pharmacist.
- VOLIBRIS has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

WHAT VOLIBRIS CONTAINS:

The active substance is ambrisentan.

Each tablet contains 5 mg or 10 mg ambrisentan.

VOLIBRIS 5 mg and 10 mg tablets contain sugar (95 mg and 90 mg lactose per tablet, respectively) and the colourant, Allura Red AC Aluminium Lake.

The inactive ingredients are: lactose monohydrate, microcrystalline cellulose, croscarmellose sodium, magnesium stearate, polyvinyl alcohol, talc, titanium dioxide (E171), macrogol/polyethylene glycol 3350, lecithin (soya) and Allura Red AC Aluminium Lake (E129).

WHAT VOLIBRIS IS USED FOR:

VOLIBRIS is used to treat pulmonary arterial hypertension (PAH). PAH is high blood pressure in the blood vessels (the pulmonary arteries) that carry blood from the heart to the lungs. In people with PAH, these arteries get narrower, so the heart has to work harder to pump blood through them. This causes people to feel tired, dizzy and short of breath.

VOLIBRIS widens the pulmonary arteries, making it easier for the heart to pump blood through them. This lowers the blood pressure and relieves the symptoms.

VOLIBRIS has not been studied in patients under 18 years old.

BEFORE YOU TAKE VOLIBRIS:

Do not take VOLIBRIS:

- if you are allergic to ambrisentan or to any of the inactive ingredients
- if you have severe liver problems
- if you have scarring of the lungs, of unknown cause (idiopathic pulmonary fibrosis)
- if you are pregnant or breastfeeding your baby.

Take special care with VOLIBRIS:

- if you have anaemia (a reduced number of red blood cells)
- if you have liver disease
- if you have swelling (oedema).

Tell your doctor, who will decide whether VOLIBRIS is suitable for you.

You will need regular blood tests:

Before you start taking VOLIBRIS and at regular intervals while you are taking it, your doctor will take blood to check:

- whether you have anaemia (a reduced number of red blood cells)
- whether your liver is working properly.

It is important that you have these regular blood tests for as long as you are taking VOLIBRIS.

Pregnancy and breastfeeding:

If you are pregnant or breastfeeding your baby, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice, before taking VOLIBRIS.

Pregnancy: VOLIBRIS may harm unborn babies, conceived before, during or soon after treatment.

If it is possible you could become pregnant, use a reliable form of birth control (contraception) while you're taking VOLIBRIS. Talk to your doctor about this.

Don't take VOLIBRIS if you are pregnant or planning to become pregnant. If you become pregnant or think that you may be pregnant while you're taking VOLIBRIS, see your doctor immediately.

If you are a woman who could become pregnant, your doctor will ask you to take a pregnancy test before you start taking VOLIBRIS and regularly while you are taking VOLIBRIS.

Do not take VOLIBRIS if you are pregnant, if you are planning to become pregnant, or if you could become pregnant because you are not using reliable birth control (contraception). If this applies to you, tell you doctor and do not take VOLIBRIS.

Breastfeeding: It is not known if VOLIBRIS is transferred to breast milk. Don't breastfeed while you are taking VOLIBRIS. Talk to your doctor about this.

VOLIBRIS may lower sperm count: If you are a man taking VOLIBRIS, it is possible that VOLIBRIS may lower your sperm count. Talk to your doctor if you have any questions or concerns about this.

Driving and using machinery:

VOLIBRIS is unlikely to produce an effect on the ability to drive and use machines.

Important information about some of the ingredients of VOLIBRIS:

VOLIBRIS contains lactose which may have an effect on the control of your blood sugar if you have diabetes mellitus. Patients with the rare hereditary conditions of lactose/fructose or galactose intolerance should not take VOLIBRIS.

Using other medicines and VOLIBRIS:

Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicine. (This includes complementary or traditional medicines.)

Your doctor may need to adjust your dose of VOLIBRIS if you start taking ciclosporin A (a medicine used after transplant or to treat psoriasis). Tell your doctor or pharmacist if you are taking this medicine.

HOW TO USE VOLIBRIS:

Always take VOLIBRIS exactly as your doctor has told you to. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

The usual dose of VOLIBRIS is one 5 mg tablet, once a day. Your doctor may decide to increase your dose to 10 mg, once a day.

If you take ciclosporin A, do not take more than one 5 mg tablet of VOLIBRIS, once a day.

You can take VOLIBRIS with or without food.

If you take more VOLIBRIS than you should:

If you accidentally take too much VOLIBRIS, ask your doctor or pharmacist for advice.

If you forget to take VOLIBRIS:

If you forget a dose of VOLIBRIS, just take the tablet as soon as you remember, then carry on as before.

Do not take two doses at the same time to make up for a forgotten dose.

Do not stop taking VOLIBRIS without your doctor’s advice.

POSSIBLE SIDE EFECTS:

VOLIBRIS can cause side effects. Not all side effects reported for VOLIBRIS are included in this leaflet. Should your general health worsen, or if you experience any untoward effects while taking VOLIBRIS, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice.

Liver function: VOLIBRIS may affect the levels of your liver enzymes which may cause damage to your liver. Your doctor will be doing regular blood tests to ensure that this does not happen. Signs that your liver may not be working properly include loss of appetite, feeling sick (nausea), being sick (vomiting), high temperature (fever), pain in your stomach, yellowing of your skin or the whites of your eyes (jaundice), dark-coloured urine and itching of your skin. If you notice any of these signs, tell your doctor immediately.

Anaemia (a reduced number of red blood cells): Anaemia can cause tiredness, weakness, shortness of breath and generally feeling unwell. Your doctor will be doing regular blood tests to ensure that this does not happen. If you notice any of these signs, tell your doctor immediately. In some instances, a blood transfusion may be required.

Allergic reactions: You may notice a rash or itching and swelling (usually of the face, lips, tongue or throat), which may cause difficulty in breathing or swallowing.
Tell your doctor straight away if you get these effects, or if they happen suddenly after taking VOLIBRIS.

Frequent side effects:

- swelling (oedema), especially of the ankles and feet
- headache
- a runny or blocked nose, red and sore throat, congestion of pain in the sinuses
- constipation
- pain in your stomach
- flushing (redness of the skin)
- palpitations (fast or irregular heartbeats).

Other side effects:

The frequency of the following side effects is not known:

- heart failure (associated with swelling/oedema)
- worsening shortness of breath shortly after starting VOLIBRIS
- nausea (feeling sick) and vomiting (being sick)
- liver injury
- inflammation of the liver caused by the body's own defences (auto-immune hepatitis).

If you notice any side effects not listed in this leaflet, please tell your doctor or pharmacist.

STORING AND DISPOSING OF VOLIBRIS:

Store all medicines out of sight of children.

Store at or below 30 °C .

Do not use VOLIBRIS after the expiry date shown on the pack.

Return all unused medicines to your pharmacist. Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).

PRESENTATION OF VOLIBRIS:

VOLIBRIS tablets are packed into opaque PVC/PVdC and aluminium foil blister strips containing 10 tablets each. Three blister strips are packed into a carton giving a 30 tablet pack.

IDENTIFICATION OF VOLIBRIS:

VOLIBRIS 5 mg: Pale pink, square, convex film-coated tablet debossed with 'GS' on one side and 'K2C' on the other side.

VOLIBRIS 10 mg: Deep pink, oval, convex film-coated tablet debossed with 'GS' on one side and 'KE3' on the other side.

REGISTRATION NUMBER:

VOLIBRIS 5 mg: 45/7.1.3/0106

VOLIBRIS 10 mg: 45/7.1.3/0107

NAME AND ADDRESS OF REGISTRATION HOLDER:

GlaxoSmithKline South Africa (Pty) Ltd

39 Hawkins Avenue

Epping Industria 1, 7460

DATE OF PUBLICATION:

21 April 2016

CCDS-7.0+IPF

VOLIBRIS is a registered trademark of Gilead Sciences, Inc. used under license by the **GSK** group of companies.

Pasiëntinligtingsbrosjure

SKEDULERINGSTATUS:

S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN DOSEERVORM:

VOLIBRIS® 5 mg filmbedekte tablette

VOLIBRIS® 10 mg filmbedekte tablette

Ambrisentaan

Lees hierdie hele brosjure noukeurig deur voordat jy begin om VOLIBRIS te gebruik.

- Hou hierdie brosjure. Dit mag nodig wees dat jy dit weer moet lees.
- As jy nog vrae het, moet jy jou dokter of apteker asseblief vra.
- VOLIBRIS is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moet nie jou medisyne aan ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as joune.

WAT VOLIBRIS BEVAT:

Die aktiewe bestanddeel is ambrisentaan.

Elke tablet bevat 5 mg of 10 mg ambrisentaan.

VOLIBRIS 5 mg en 10 mg tablette bevat suiker (onderskeidelik 95 mg en 90 mg laktose per tablet), en die kleurstof, Allure Red AC-aluminiumlak.

Die onaktiewe bestanddele is laktosemonohidraat, mikrokristallyne sellulose, natriumkruiskarmellose, magnesiumstearaat, polivinielalkohol, talk, titaandioksied (E171), makrogol/poliëtileenglikol 3350, lesitien (soja) en Allure Red AC-aluminiumlak (E129).

WAARVOOR VOLIBRIS GEBRUIK WORD:

VOLIBRIS word gebruik vir pulmonêre arteriële hipertensie (PAH). PAH is hoë bloeddruk in die bloedvate (die pulmonêre slagare) wat bloed vanaf die hart na die longe vervoer. In mense met

PAH word hierdie slagare nouer, sodat die hart harder moet werk om bloed deur hulle te pomp. Dit veroorsaak dat mense moeg, duiselig en kort van asem voel.

VOLIBRIS verwyd die pulmonêre slagare en maak dit makliker vir die hart om bloed deur hulle te pomp. Dit verlaag die bloeddruk en verlig die simptome.

VOLIBRIS is nie in pasiënte jonger as 18 jaar bestudeer nie.

VOORDAT JY VOLIBRIS GEBRUIK:

Jy moet VOLIBRIS nie gebruik nie:

- as jy allergies teenoor ambrisentaan of enige van die onaktiewe bestanddele is
- as jy ernstige lewerprobleme het
- as jy letsels van onbekende oorsaak in die longe het (idiopatiese pulmonêre fibrose)
- as jy swanger is of jou baba borsvoed.

Wees besonder versigtig met VOLIBRIS:

- as jy bloedarmoede het (min rooibloedselle)
- as jy 'n lewersiekte het
- as jy swelling (edeem) het.

Sê vir jou dokter wat sal besluit of VOLIBRIS vir jou geskik is.

Jy moet gereelde bloedtoetse ondergaan:

Voordat jy begin om VOLIBRIS te drink en met gereelde tussenposes terwyl jy dit gebruik sal jou dokter bloed trek om die volgende na te gaan:

- of jy bloedarmoede het (min rooibloedselle)
- of jou lewer behoorlik werk.

Dit is belangrik dat jy hierdie gereelde bloedtoetse ondergaan vir so lank as wat jy VOLIBRIS neem.

Swangerskap en borsvoeding:

As jy swanger is of jou baba borsvoed, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige om advies vra voordat jy VOLIBRIS gebruik.

Swangerskap: VOLIBRIS kan ongebore babas skaad wat voor, tydens of kort na behandeling verwek word.

As dit moontlik is dat jy kan swanger raak, moet jy 'n betroubare vorm van geboortebeperking (voorbehoeding) gebruik terwyl jy VOLIBRIS neem. Praat met jou dokter hieroor.

Jy moet VOLIBRIS nie gebruik as jy swanger is of as jy beplan om swanger te raak nie. As jy swanger raak of dink dat jy dalk swanger is terwyl jy VOLIBRIS drink, moet jy jou dokter dadelik spreek.

As jy 'n vrou is wat swanger kan raak, sal jou dokter jou vra om 'n swangerskaptoets te doen voordat jy begin om VOLIBRIS te neem en gereeld terwyl jy VOLIBRIS neem.

Moenie VOLIBRIS drink as jy swanger is, as jy beplan om swanger te raak, of as jy swanger kan raak omdat jy nie betroubare geboortebeperking (voorbehoeding) gebruik nie. As dit op jou van toepassing is, sê vir jou dokter en moenie VOLIBRIS neem nie.

Borsvoeding: Dit is nie bekend of VOLIBRIS in borsmelk uitgeskei word nie. Moenie borsvoed terwyl jy VOLIBRIS neem nie. Praat met jou dokter hieroor.

VOLIBRIS kan spermtelling verlaag: As jy 'n man is wat VOLIBRIS gebruik, is dit moontlik dat VOLIBRIS jou spermtelling kan verlaag. Praat met jou dokter as jy enige vrae of probleme hiermee het.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie:

Dit is onwaarskynlik dat VOLIBRIS 'n effek sal hê op die vermoë om motor te bestuur of masjinerie te gebruik.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van VOLIBRIS:

VOLIBRIS bevat laktose wat ’n effek op die kontrole van jou bloedsuiker mag hê indien jy aan diabetes mellitus ly. Pasiënte met die raar oorerflike toestand van onverdraagbaarheid van laktose/fruktose of galaktose moet nie VOLIBRIS neem nie.

Die gebruik van ander medisyne en VOLIBRIS:

Sê altyd vir jou gesondheidsorgkundige as jy enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit aanvullende of tradisionele medisyne in.)

Jou dokter moet dalk jou dosis VOLIBRIS aanpas as jy begin om siklosporien A te gebruik (’n middel wat ná oorplanting gebruik word of om psoriase te behandel). Sê vir jou dokter of apteker as jy hierdie medisyne tans gebruik.

HOE OM VOLIBRIS TE GEBRUIK:

Gebruik VOLIBRIS altyd presies soos wat jou dokter aan jou gesê het. Raadpleeg jou dokter of apteker as jy nie seker is nie.

Die normale dosis VOLIBRIS is een tablet van 5 mg een keer per dag. Jou dokter kan besluit om jou dosis na 10 mg per dag te verhoog.

As jy siklosporien A gebruik, moet jy nie meer as een tablet van 5 mg VOLIBRIS een keer per dag neem nie.

Jy kan VOLIBRIS met of sonder voedsel neem.

As jy meer VOLIBRIS geneem het as wat jy moes:

Indien jy per ongeluk te veel VOLIBRIS neem, vra vir jou dokter of apteker om advies.

As jy vergeet om VOLIBRIS te neem:

As jy ’n dosis van VOLIBRIS vergeet het, neem die tablet so gou as wat jy onthou, en gaan dan voort soos voorheen.

Moenie twee dosisse op dieselfde tyd drink om vir die vergete dosis op te maak nie.

Jy moet nie sonder jou dokter se advies ophou om VOLIBRIS te gebruik nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:

VOLIBRIS kan newe-effekte veroorsaak. Nie al die newe-effekte wat vir VOLIBRIS aangemeld is, is in hierdie brosjure opgeneem nie. As jou algemene gesondheidstoestand vererger of as jy newe-effekte ervaar terwyl jy VOLIBRIS gebruik, moet jy jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige om advies raadpleeg.

Lewerfunksie: VOLIBRIS kan die vlakke van jou lewerensieme beïnvloed wat skade aan jou lewer kan veroorsaak. Jou dokter sal gereelde bloedtoetse doen om te verseker dat dit nie gebeur nie. Tekens dat jou lewer dalk nie behoorlik werk nie, is onder meer verlies aan eetlus, voel naar (naarheid), bring op (braking), hoë temperatuur (koors), pyn op die maag, geel verkleuring van die vel of die wit van die oë (geelsug), donker gekleurde urien en gejeuk van die vel. As jy enige van hierdie simptome opmerk, moet jy dadelik vir jou dokter sê.

Anemie (min rooibloedselle - bloedarmoede): Bloedarmoede kan moegheid, swakheid en kortasemheid veroorsaak en maak dat mens oor die algemeen siek voel. Jou dokter sal gereelde bloedtoetse doen om te verseker dat dit nie gebeur nie. As jy enige van hierdie simptome opmerk, moet jy dadelik vir jou dokter sê. In sommige gevalle, kan ’n bloedoortapping nodig wees.

Allergiese reaksies: Jy kan ’n veluitslag of jeuk en swelling (gewoonlik van die gesig, lippe, tong of keel) opmerk wat probleme met asemhaling of sluk veroorsaak.
Sê dadelik vir jou dokter as jy hierdie effekte kry, of as dit skielik voorkom nadat VOLIBRIS geneem is.

Frekwente newe-effekte:

- swelling (edeem), veral van die enkels en voete
- hoofpyn
- ’n loopneus of toe neus, rooi en seer keel, kongestie en pyn in die sinusse

- hardlywigheid
- maagpyn
- gloede (rooiheid van die vel)
- palpitasies (vinnige of onreëlmatige hartklop).

Ander newe-effekte:

Die frekwensie van die volgende newe-effekte is nie bekend nie:

- hartversaking (wat met swelling/edeem gepaardgaan)
- verslegtende kortasemheid kort nadat met VOLIBRIS begin is
- naarheid (mislike gevoel) en braking (opbring)
- lewerskade
- inflammasie van die lewer veroorsaak deur die liggaam se eie verdedigingstelsel (outo-immuun hepatitis).

As jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie brosjure genoem word nie, moet jy jou dokter of apteker asseblief daarvan sê.

BERGING EN WEGDOENING VAN VOLIBRIS:

Hou alle medisyne buite sig van kinders.

Bewaar by of benede 30 °C.

Moenie VOLIBRIS na die vervaldatum op die pakkie gebruik nie.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker. Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

AANBIEDING VAN VOLIBRIS:

VOLIBRIS-tablette is verpak in stulpstroke van ondeursigtige PVC/PVdC en aluminiumfoelie met 10 tablette elk. Drie stulpstroke is verpak in ’n karton om ’n pak met 30 tablette te gee.

IDENTIFIKASIE VAN VOLIBRIS:

VOLIBRIS 5 mg: Bleekpienk, vierkantige, konvekse filmbedekte tablet met “GS“ op een kant en “K2C“ op die ander kant gedebosseleer.

VOLIBRIS 10 mg: Dieppienk, ovaal, konvekse filmbedekte tablet met “GS“ op een kant en “KE3“ op die ander kant gedebosseleer.

REGISTRASIENOMMER:

VOLIBRIS 5 mg: 45/7.1.3/0106

VOLIBRIS 10 mg: 45/7.1.3/0107

NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER:

GlaxoSmithKline South Africa (Edms) Bpk

Hawkinslaan 39

Epping Industrie 1, 7460

DATUM VAN PUBLIKASIE:

21 April 2016

VOLIBRIS is ’n geregistreerde handelsmerk van Gilead Sciences, Ingelyf, gebruik onder lisensie van die **GSK**-maatskappygroep**.**